

Kanola Opbrengskompetisie skop eersdaags af

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

Die Proteïennavorsingstigting (PNS) gaan gedurende 2015 twee kanola opbrengskompetisies in die Kaapprovinsie loods: 'n PNS Swartland Kanola Opbrengskompetisie en 'n PNS Suid-Kaap Kanola Opbrengskompetisie. Die wenners van hierdie twee kompetisies sal elk 'n kontantprys van R25 000 asook toepaslike erkenning kry.

Inskrywings vir 2015-seisoen

Vir die 2015-seisoen is besluit om die aantal inskrywings tot tien per gebied te beperk – dit wil sê tien produsente of tien spanne per gebied. Die inskrywings sal elektronies deur middel van die PNS-webtuiste geskied; dit open op 1 Junie vanjaar en sluit weer op 31 Julie. Die eerste tien kwalifiserende inskrywings wat per gebied ontvang word, sal aanvaar word.

Prof André Agenbag (Universiteit van Stellenbosch) is die projekbestuurder en sal die twee kompetisies onder sy vlerk neem.

Volgens dr Gerhard Scholtemeijer (voorsitter: PNS) vertrou die stigting dat dié opbrengskompetisies tot aansporing sal dien om die

kanolaproduksie van die Wes-Kaap in die kort en medium termyn 'n groot hupstoot te gee.

Super Soja kompetisie

Die PNS is hierdie jaar 25 jaar oud. Vir meer as 22 jaar, het die PNS die Super Soja kompetisie in KwaZulu-Natal befonds. "Ons het egter in die laaste twee of drie jaar van hierdie kompetisie, wat meer om marges en ander aspekte gegaan het, besef dat die kompetisie sy trefkrag verloor het. Daar was wel voortdurend nuwe produsente wat geleer het by die wenner, maar daar was nie werklik meer 'n uitdaging vir die topresteerders nie," het Scholtemeijer gesê.

Tans word daar ondersoek ingestel om 'n nuwe opbrengskompetisie te loods wat 'n uitermatige hoë mikpunt daar sal stel en wat met 'n uitermatige hoë beloning gepaard sal gaan. Die PNS sal in samewerking met die bedryf binnekort 'n besluit hieroor neem.

Al hierdie kompetisies het egter steeds een doel voor oë: Om voortdurend beter en meer te presteer. ■